# Wanneer die lewe gebeur

As jy nooit jou versekering benodig nie, wees dankbaar; maar indien jy dit wel nodig het, is die waarde onberekenbaar. Christine, 'n Liberty-kliënt, skryf oor haar lewensveranderende ervaring en wat dit beteken om te weet dat jou geldsake in goeie hande is.

## Om die 'volwasse' ding te doen

Ek is in Mei 2003 afgelê by die werk. Saam met die verlies aan 'n werkgewer, het ook die verlies van al die voordele gekom wat deel uitmaak van 'n voltydse betrekking. Ek het nie meer 'n mooi maatskappymotor gehad nie, ook nie betaalde vakansies nie en – die belangrikste van alles – ek was nie meer verseker nie. Omdat ek besluit het om vryskutwerk te doen, het ek in 'n verstandige oomblik na Liberty uitgereik. Ek het nooit gedink ek sal regtig versekering nodig hê nie. Ek het maar net volwasse probeer wees.

## Wanneer die ondenkbare gebeur

In 2004 was ek in 'n botsing reg van voor betrokke wat amper my lewe gekos het. Een van my eerste herinneringe is van die hospitaalkamer, hoe ek kort-kort my bewussyn verloor en herwin het en hoedat ek elke keer wanneer ek bygekom het, beangs was: Waar is ek? Wat is besig om te gebeur?

Ek het my korttermyn geheue verloor. Die beste manier om dit te verduidelik, is dat dit was asof ek 'n droom uitleef waarin alles op daardie oomblik sin maak, maar wanneer ek die volgende dag wakker word en dit probeer onthou, kan ek dit nie heeltemal vaspen nie. Elke dag is my brein as 't ware skoongevee.

Ek was nog altyd een van die onafhanklikste mense wat ek ken. Toe ek myself dus in 'n posisie bevind waarin ek nie eens 'n voet kon hardloop nie, laat staan nog 'n myl, het paniek hoogty gevier.

## Gefokus op herstel, nie rekeninge nie

Toe ek genoeg herstel het om besoekers te ontvang, het ek gedurig uitgevra oor my geldsake. Ek het weer en weer gevra, want enige antwoord wat iemand aangebied het, het ek dadelik vergeet.

Uiteindelik het 'n vriend 'n nota gemaak en dit opgeplak waar ek dit kon sien. Ek het dit nou nog. Dit is op die muur voor my rekenaar. Dit het my in die hospitaal soveel oomblikke van verligting en vrede gegee, dat dit deesdae vir my 'n soort mantra is. Altyd wanneer ek paniekerig voel, lees ek dit:

MOET OOR NIKS BEKOMMERD WEES NIE **JY IS VERSEKER.**
LIBERTY SORG VIR ALLES.
MOET JOU NIE EERS BEKOMMER OOR GESOND WORD NIE – LAAT JOU LIGGAAM TOE OM DIT TE DOEN
ONTSPAN NET!

Toe het 'n grapmaker daaronder bygevoeg: "Wil jy plekke ruil? Jy kan werk toe gaan en ek sal sonder sorge hier in die bed lê!"

Hier is ek nou: nie net is al my mediese en lewensreddende koste gedek nie, maar ek het ook 'n maandelikse inkomste wat my in staat stel om die leefstyl te handhaaf wat ek voor die ongeluk gehad het.

Hoewel ek nie kan werk en soos voorheen ‘n salaris verdien nie, hoef ek my nie oor geld te bekommer nie. Hoeveel mense kan dit sê?

Ek het al my energie bestee aan herstel en my nie bekommer oor geld of die besonderhede nie. Ek het net teruggesit en dit alles aan Liberty oorgelaat, meer spesifiek aan Olwyn Niddrie van kliënteverhoudinge wat onvermoeid daaraan gewerk het om te sorg dat alles glad verloop.

### Om goeie raad te aanvaar

Toe ek aanvanklik besluit het om versekering uit te neem, het ek glad nie geweet wat ek nodig het en wat nie. Gelukkig het Liberty die volmaakte veiligheidsnet geskep deur my te voorsien van polisse wat sowel in die hede as in die toekoms in my behoeftes sou voorsien.

### Leer om weer te leef

Net na die ongeluk het ek met arbeidsterapie-sessies begin, waarin ek alles van brei en kralewerk, wat ek gehaat het, moes doen, tot fisioterapie. Die terapeute was almal noodsaaklik en hulle het my gehelp. Weer eens is dit te danke aan Liberty dat ek hulle kon bekostig.

Voor my ongeluk was ek enkel, met ‘n horde diere: sewe honde, twee apies en drie papegaaie. Die huis het vir jare na die ongeluk baie leeg gevoel, maar in die laaste paar jaar het ek weer honde en ‘n katjie gekry om dit te vul.

Ek het voorheen aan baie sport deelgeneem – onder andere deur in die Wêreld-Karatekampioenskap deel te neem, vir Suid-Transvaal muurbal te speel en vir my skool te duik (van ‘n duikplank af). Nou is dit ‘n groot prestasie as ek die lengte van my oprit kan stap.

Dit het baie jare gekos om by ‘n punt te kom waar ek kan sê ek het danksy die ervaring gegroei. Maar kom ons kyk na klein oorwinnings: ek kan my eie ontbyt maak solank die bestanddele reeds daar is en ek kan my eie klere kies en aantrek. Al hierdie klein oorwinnings span saam om my te help om hierdie stryd te wen.

Sedert die ongeluk het ek met die hulp van Liberty-versekering reggekom. Ek weet eerlikwaar nie wat ek daarsonder sou gedoen het nie. Ja, Liberty het in elke sin van die woord my lewe gered – letterlik en figuurlik.

## Hersien jou dekking

**Jou 20’s**: Jou grootste bate is jou toekomstige inkomste. Praat met jou finansiële adviseur oor die Lewensnoodsaaklike Voordeel, ‘n bekostigbare voordeel wat daarop gemik is om jou te dek ingeval van enige ernstige gesondheidsvoorval.

**Jou 30’s en 40’s**: Namate jy skuld aangaan en met ‘n gesin begin, moet jy seker maak dat jy ‘n polis het wat jou geliefdes sal ondersteun indien jy nie kan nie. Die Lewensnoodsaaklike Voordeel stel jou in staat om jou dekking later in jou lewe sonder verdere onderskrywing te vergroot.

**Jou 50’s**: Namate jou spaargeld vermeerder en jou skuld verminder, sal jou behoefte aan dekking miskien afneem. As jou kind studeer of pas begin werk het, sal jy miskien ‘n polis wil uitneem om hul toekomstige verdienste te dek. Vir ‘n jongmens is dekking relatief bekostigbaar en dan weet jy as enigiets met hulle gebeur, kan jy daarop fokus om hulle te help gesond word, sonder om hulle finansieel te moet onderhou.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie*

*kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*